

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

# die Kerkblad

Junie 2024

www. gksa.org.za

## Hemelvaart

## Die Kerkblad in die Wildtuin!




# Inhoud

## Junie 2024

**JAARGANG 125, NO. 3389,**
**JUNIE 2024**

1 Christus se hemelvaart en die verkiesing
2 Christus as ons Voorspraak by die Vader
4 Die hemelvaart van Christus … 'n Heerlike waarborg
6 Die nut van Christus se hemelvaart … Geestelike krag om ons gedagtes reg te rig!
8 Hemelvaart en hemelse gawes (1)
10 *Die Kerkblad* in die Wildtuin
11 BESPREKINGS IN ONDER-SABIE: Gemeentebou, gemeentegroei, geloofsgroei
14 *Die Kerkblad* kuier by … Dr. Theuns Eloff
17 18-jaar oue kerkstryd woed steeds in Pretoria
19 Sending vanuit Wapadrant (2): Stuur my! (Vrystaat Sending)
21 Macedonië en Boedapest: Kom oor en help ons
23 Eers dit … (Genade)dood
24 So kyk ons na ons bejaarde dominees en hulle afhanklikes
26 In dankbare herinnering … Prof. Dries du Plooy
27 Griet se Storie … Welkom by die dominee se winkel
28 Kleinadvertensies

Korter nuusbrokkies deur die blad versprei

**REDAKSIEKOMMISSIE**

| | |
|---|---|
| REDAKTEUR: | Ds. C Aucamp |
| KOPIEREDAKTEUR: | Mev. J Fourie |
| ADDISIONELE LEDE: | Prof. J Smit, mev. V de Kock, mev. G Swanepoel, dr. EJ Smit, JG Noëth, prof. DF Muller, ds. GP Meijer |

**Adresbesonderhede:**
- Die Redakteur, Die Kerkblad; e-posadres: anberg@absamail.co.za; sel. 082 377 1112
- Kopieredakteur, Die Kerkblad; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Angie, 018 297 3986; tydskrifte@gksa.co.za
- **Intekengeld** (Admin Buro, by ABSA rek. 670140040)

| | |
|---|---|
| Gedrukte weergawe sonder koerierkoste | R360 per jaar |
| Gedrukte weergawe in groep gekoerier | R540 per jaar |
| Elektroniese weergawe | R150 per jaar |
| Waar posadres nog verkies word | R570 per jaar |

**Nuwe of hernude intekening kan geskied deur die bewys van betaling saam met u naam, telefoonnommer, e-pos en fisiese adres te stuur aan tydskrifte@gksa.co.za. Intekening moet skriftelik gekanselleer word**

**DRUKKERS:** V&R Drukkery, tel. 012 333 2462




EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

# Wat Jesus se hemelvaart vir ons beteken

In die kerklike jaar het ons onlangs die hemelvaart van Christus gedenk. In Sondag 18 (antw. 49) van die Heidelbergse Kategismus bely ons die nut van sy hemelvaart:

1. *Dat Hy in die hemel ons Voorspraak is by die Vader.*
2. *Dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy, as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem.*
3. *Dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie na wat op die aarde is nie.*

Ons kyk in hierdie uitgawe na elkeen van hierdie drie kosbaarhede wat ons van sy hemelvaart bely. Ons kyk ook na Antwoord 51: *Dat die vrug van sy hemelvaart is dat Hy deur sy Gees hemelse gawes in ons, sy lede uitstort*. Dis ook die oorgang na wat ons oor die werk van die Heilige Gees bely. (Volgende uitgawe)



**Van die redakteur**

# Christus se hemelvaart en die verkiesing

Wanneer u hierdie artikel lees, is die uitslae van die verkiesing reeds bekend. Dalk is politieke partye nou besig om te onderhandel vir 'n koalisie wat Suid-Afrika die volgende vyf jaar gaan regeer. Moontlik sit ons nou in gespanne afwagting op die finale uitkoms van dit alles. Dit is tog vir ons almal belangrik: Wie gaan ons land regeer? Is u dalk daaroor bekommerd?

Kom ons luister dan na Paulus se eerste preek in Rome, die hoofsetel van die wêreldryk, as sy groot begeerte vervul is om daar die evangelie te verkondig. Hy is 'n gevangene, eintlik in huisarres, verhoorafwagtend, hy word deur 'n soldaat van die keiser in sy eie gehuurde huis opgepas. *In 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê.* En die Koning van dié ryk? *Van vroeg die môre tot die aand het hy hulle probeer oortuig van Jesus* (Hand. 28:23).

Juis daar, in Rome, die setel van die wêreldryk, die troon van die wêreld se koning, die keiser. Naby die hoofkwartiere van grootste leërmag wat die wêreld nog geken het. Daar is die keiser as God vereer. Maar Paulus verkondig die koninkryk wat alle koninkryke oortref. In die laaste vers van Handelinge, vers 31, word sy prediking van 'n volle twee jaar in Rome saamgevat: Hy het die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor Jesus geleer.

In Rome? Dié koninkryk en dié Koning. Die hoofsetel van die wêreld is nie in Rome nie, maar daar waar die verheerlikte Here aan die regterhand van God sit.

*Hy het opgevaar, Koning is Hy daar*
*van die heidendom. Vorste en volke kom*
*om sy volk te wees.* (Ps. 47:4 berymd).

Johannes die Doper het sy koms verkondig: *Die koninkryk van die hemele het naby gekom*. Jesus Self het geleer: dié koninkryk is soos 'n mosterdsaad, soos suurdeeg. Soos saad wat 'n man in die land saai en onnaspeurlik kom dit op, hoe weet hyself nie. Daar sal teenstand wees, saad wat deur die voëls opgepik word, deur die son verskroei word, deur die onkruid verstik word. Maar daar sal 'n oes wees: dertig-, sestig-, honderdvoudig. Dié koninkryk is soos daardie verborge skat in die saailand, soos daardie kosbare pêrel wat alle pêrels oortref.

Oor hierdie koninkryk het Paulus die hoorders in Rome alles omtrent Jesus geleer. Want Hy het die koninkryk kom vestig, alle magte oorwin, die dood oorwin, die troon van die wêreld bestyg.

Mag ons dit weet en beleef: watter "koning" daar ook al vir Suid-Afrika gekies is, ons Here Jesus sit nou aan die regterhand van God, deur Wie die Vader alles regeer (HK. So.19).

Wat 'n heerlike voorreg om onderdane te wees van dié Koning van alle konings. DK

Dr. C (Christiaan) Jooste (Waterberg)

*Die hemelvaart van Christus ...*

# ’n Heerlike waarborg

**Heidelbergse Kategismus Vraag 49 (b):**
Ons het ons menslike natuur in die hemel as ’n betroubare waarborg dat Hy, as die Hoof, ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem.



Dr. Christiaan en Irma Jooste, en hulle kinders

Die laaste gesprek van ons Here Jesus in die bovertrek met sy dissipels voor sy gevangeneming was vir die dissipels ’n moeilike gesprek. Hulle het soveel dinge saam met Jesus deurleef en ervaar, maar nou hoor hulle dat Hy weggaan, en hulle kan Hom nie volg nie. Dit lyk of die einde van die pad aangebreek het ...

Ons Here Jesus is egter die Goeie Herder wat hulle verseker dat hulle nie in hulle harte ontsteld hoef te wees nie, want Hy gaan om plek voor te berei. In die hele laaste onderwysing (Joh. 13:31 – 17:26) bemoedig en vertroos Hy sy dissipels deur hulle te verseker van die Trooster wat sal kom. Hy is egter ook ons Enigste Hoëpriester wat intree en voorbidding doen (Joh. 17:1-26).

**Die waarborg**
En dan die troosvolle bede, vir die dissipels en elkeen wat deur hulle in Hom sal glo: *“Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat u my gegee het, ook sal wees”* (Joh. 14:24). Hierdie bede van ons Here Jesus Christus is die basis van wat ons van sy hemelvaart bely in Sondag 18: *Ons menslike natuur het ’n betroubare waarborg dat die Hoof ook ons as sy lede na Hom toe sal neem.*

Christus se bede en ons belydenis bied vir ons ’n heerlike troos en sekerheid van die hede en ons toekoms. Ons waarborg in die hemel het verseker ons dat ons self ook liggaamlik in die hemel by Christus en ons Vader sal wees. Dit is so troosvol, want ons behoort na liggaam en siel aan Jesus Christus, en Hy wil ons ook liggaamlik by Hom hê. Die hemel is nie net ’n geestelike ervaring vir die Here se kinders nie, maar ’n liggaamlike werklikheid, gewaarborg deur sy hemelvaart.

**Hy ons Hoof, ons sy liggaam**
Dis so belangrik dat ons ’n waarborg moet hê dat ons liggaamlik ook by Hom sal wees, want ons bely in Sondag 19: Hy is ons Hoof en ons is sy liggaam.

Die kerk van Christus is innig aan Hom verbind soos die liggaam aan die hoof. Sonder ’n hoof kan die liggaam nie lewe nie, en sonder Christus het die kerk geen lewe nie.

Hierdie Hoof-liggaam-beeld is ’n bekende beeld in die Bybel. In Paulus se briewe aan die Efesiërs en die Kolossense staan die beeld sentraal. Dit bepaal die gesindheid waarmee die gemeente daagliks hulle roeping met hulle gawes moet uitleef. Om hier met Christus verenig te wees, beteken ook dat ons met mekaar as lede van sy liggaam verenig is.

Die hemelvaart van Christus waarborg ons dat die Hoof met sy liggaam verenig is, ook in die ewige heerlikheid. Hierdie eenheid is nie net geestelik en beeldspraak nie, maar werklik. Soos wat ons liggaamlik as gemeente saamkom om die Here te aanbid, sal ons ook liggaamlik as gemeente van Christus die Here tot in ewigheid loof en prys. Dit is ’n heerlike waarborg wat ons nou reeds ontvang en waarna ons uitsien.

**Ons word na Hom geneem**
Die inhoud van Christus se waarborg aan ons is dat Hy ons na Hom

sal neem. Hy wil dat ons ook sal wees waar Hy is. In ons belydenis stel ons dit duidelik dat Hy ons tot Hom sal neem. Paulus skryf aan die Tessalonisense wat sal gebeur met Christus se wederkoms. Hy sal die wat in Hom ontslaap het, saam met Hom bring, en die wat nog lewe, sal saam met Hom die Here tegemoet gaan, weggevoer met wolke in die lug (1 Tess. 4:13-18).

So vervul Hy ook sy belofte aan sy dissipels dat Hy gaan om plek vir hulle gereed te maak. *"En as ek gegaan het en vir julle plek berei het, kom ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is"* (Joh. 14:3). Die waarborg wat Christus aan ons gee, laat ons nou in hierdie lewe reeds uitsien na die dag wat Hy ons kom haal. Nie net word ons siele tot die Here geneem wanneer ons die dag sterf nie, maar Hy kom ook om ons liggame te kom haal. Daarvoor sal ons ook liggaamlik uit die dood opstaan wanneer die tweede dood finaal oorwin is.

**Ons liggame maar 'n tentwoning**

In hierdie lewe word ons liggame afgetakel deur ouderdom, siekte en beproewing. Ons staan met hierdie brose liggame van ons in die wind en weer van 'n sondige woestynbestaan. Wanneer ons deur beproewinge gaan, selfs geestelike en emosionele beproewinge, voel ons dit gewoonlik aan ons lyf. Ons ervaar dat hierdie lewe dikwels vir ons 'n jammerdal is en dat ons lewe hier op aarde maar 'n gestadigde dood is.

Dit beteken egter nie dat ons liggame nie belangrik is vir die Here nie, inteendeel: Hy het ook ons liggame verlos aan die kruis. Ons kan vashou aan die belofte dat Hy sal kom en ons met 'n vaste woning oorklee, wanneer die tentwoning afgebreek is (2 Kor. 5:1). Hy maak ons volkome nuut na liggaam en siel.

Al ervaar ons in hierdie bestaan die broosheid van ons eie liggame, kan ons vashou aan die waarborg wat die hemelvaart van Christus ons bied. Hierdie afgebreekte, siek en ou liggaam sal eindelik nuut gemaak en verheerlik word. Sy liggaamlike teenwoordigheid in die hemel is vir ons die versekering dat ons tydelike tentwoning eindelik verheerlik sal word tot 'n heerlike gebou van God.

**Om altyd by Hom te wees**

Die wonderlike troos van hierdie waarborg is dat ons eindelik na liggaam en siel altyd by die Here sal wees (1 Tess. 4:17) as burgers van die hemel (Fil. 3:20). Hierdie vooruitsig bevestig dat ons in hierdie lewe op reis is na ons ewige woning.

Ons is reeds hier burgers van die koninkryk van die hemele wat onder God se heerskappy leef, maar die heerlike seëninge om altyd by Hom te wees, oortref al ons verwagtinge. Soos ons in hierdie lewe die gebrokenheid aan ons liggame voel, sal ons in die ewigheid ook die onuitspreeklike seëninge ontvang om altyd by die Here te wees. Christus se liggaamlike teenwoordigheid in die hemel is vir ons die waarborg hiervan. DK

# Prof.Louis Botha oorlede op 104 jaar



Prof. Louis Botha is die nag van 14 Mei 2024 rustig in sy slaap oorlede waar hy by sy dogter, Magriet Eksteen, in Erasmusrand gebly het.
*Die Kerkblad* het net verlede maand 'n in-diepte artikel oor sy lewe en werk gehad. Hy was met ons kuier nog helder en relatief gesond, het nog saam met ons Psalms gesing. Hy het vier dae na ons besoek siek geword.
Hy is op Vrydag 17 Mei begrawe. Die troosdiens is in GK Oos-Moot gehou.
Dr. Gerard Meijer het die troosdiens gelei met Psalm 121:8 as teks: *Die Here sal jou uitgang en jou ingang bewaar, van nou af tot in ewigheid.*
Die deel wat ons in die artikel uit een van sy gedigte aangehaal het, het vir hom volle werklikheid geword:

*Kom laat ons juig en sing*
*Want die graf het oopgegaan.*
*Hy wat ons huis-toe bring,*
*Hy het waarlik opgestaan.* DK

Ds. KP (Karel) Steyn (Port Elizabeth)

*Die nut van Christus se hemelvaart ...*

# Geestelike krag om ons gedagtes reg te rig!



Ds. Karel en Susan Steyn, en hulle seun Sion.

**Heidelbergse Kategismus Vraag 49 (c):**
Hy stuur sy Gees as waarborg na ons toe, deur wie se krag ons soek wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God sit, en nie wat op die aarde is nie.

Dit is opvallend dat die nut van ons Here se hemelvaart nie net gefokus is op die dag van sy wederkoms nie. Met ander woorde, die hemelvaart van ons Here kyk nie net vorentoe nie, maar dit rig ook ons oë op die hier en nou – post-verkiesing Suid-Afrika 2024. Dit rig nie net ons oë deur ons te herinner dat Hy ons Voorspraak by die Vader is nie, maar ook dat die Heilige Gees as waarborg na ons toe gestuur is deur wie se krag ons soek na wat daar bo is, waar Christus is.

DL Moody, 'n bekende teoloog, het gereeld gesê: *"We shouldn't be so heavenly minded that we are of no earthly good."* Hierdie aanhaling gee vir ons die balans waarmee ons hierdie deel van ons belydenis leef. Om deur die krag van die Heilige Gees dit te soek wat daar bo is, is nie 'n ontvlugting van ons realiteit nie. Dit is om Christus se heerskappy hier op aarde te leef. Dit is 'n bede en oproep om al hoe meer my identiteit in Christus te leef.

**Waarom 'n bede?**
Ons noem dit tereg 'n bede, want ons bely in een asem, in dieselfde belydenis, dat die nut van die hemelvaart is dat God sy Gees as waarborg gee en dat Hy sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle gee wat sonder ophou Hom met hartlike versugtinge daarom bid en daarvoor dank (Heidelbergse Kategismus Sondag 45 v/a 116). Wanneer ons dus hierdie nut van die hemelvaart van ons Here wil beleef, begin dit deurdat ons biddend pleit dat ons Vader ons met sy Heilige Gees sal vul.

Dit is alleen deur die werk van die Heilige Gees dat ons sal "strewe na wat daar bo is, waar Christus aan die regterhand van God sit." Hierdie is natuurlik 'n aanhaling uit Kolossense 3:1, wat inleiding bied tot hoe ons ons identiteit in Christus leef.

**Waarom 'n oproep?**
Só is die hemelvaart van Christus 'n oproep om al hoe meer te soek wat daar bo is waar Christus is. Dit is 'n oproep om al hoe meer ons identiteit in Christus te vind; 'n vyfledige identiteit wat in Kolossense 3:1-4 soos volg beskryf word:

- Die eerste deel hiervan is dat ons saam met Christus gesterwe het (Kol. 3:3). Ons glo en bely dat Hy vir ons sondes gesterf het, en dit is absoluut waar! Tog het Hy nie net vír ons gesterf nie. Ons het sáám met Hom gesterf (vgl. Rom. 6-8). Christus het die mag van die sonde gebreek, en wanneer ons in Hom glo, deel ons in hierdie oorwinning oor die sonde en is ons dood vir die sonde. Só het ons saam met Hom gesterwe. As ek dus werklik in Christus glo, is ek dood vir die sonde.

- Die tweede deel van ons identiteit in Christus is dat ek en jy saam met Hom opgewek is (Kol. 3:1). Dit beteken dat ons dus nie net alleen dood is vir die sonde

nie, maar dat ons ook opgewek is en saam met Christus deel in die ewige lewe: ons deel in die oorwinning en verlossing wat Christus bewerk het. Die dood het nie meer mag oor jou nie, en daarom moet ons lewe nie bepaal word deur die aardse dood wat ons eendag hier gaan ervaar nie. Dus: Moenie dat alleen die tyd wat jy hier op aarde het bepaal hoe jy jou lewe leef en hoe jy jou dag inrig nie. Jy het saam met Christus opgestaan.

- Christus is ons lewe. Dit is die derde deel van jou identiteit (Kol. 3:4). Die ewige lewe is nie een of ander hemelse status of tyd wat God aan jou gee eendag wanneer jy tot sterwe kom nie. Die ewige lewe is Christus, want wie die Seun het, het die ewige lewe en wie nie die Seun van God het nie, het nie die lewe nie (1 Joh. 5:12). Dit beteken dat my bestaan – dit waarvoor ek lewe – nie meer deur my geite en giere bepaal word nie, maar deur Hom. My tyd in gebed en die Woord is dus nie 'n ekstra wat ek byvoeg aan die einde van die dag of die einde van 'n week as daar tyd oor is en wanneer ek klaar is met al die ander dinge wat ek doen nie. Christus is die Een uit Wie my lewe vloei, wat bepaal hoe ek my dag inrig en hoe my week daar uitsien. Hy kom eerste, en die res val dan in plek.

- Die vierde deel van ons identiteit in Christus is dat ons lewe saam met Christus in God verborge is (Kol. 3:3b). Om saam met Christus in God verborge te wees, dra die betekenis van veiligheid en vergenoegdheid. Dit beteken dat ons verseker kan wees dat niks ons van die liefde van God kan skei nie. Niks kan oor ons pad kom of met ons gebeur wat ons losruk uit sy hand nie. Die gevolg is egter dat die wêreld ons as Christene nie werklik sal verstaan nie, want dit wat ons lewe bepaal, is duister vir die wêreld, aangesien hulle nie vir Christus ken nie.

- Die laaste deel van ons identiteit in Christus is dat ek en jy deel in sy heerlikheid (Kol. 3:4). Christus is nou reeds aan die regterhand van God. Hy regeer nou reeds en dit beteken dat sy koninkryk nou reeds in ons lewens moet deurbreek, alhoewel sy heerlikheid nie nou reeds in ons duidelik word nie. Wanneer Hy egter weer kom, sal sy heerlikheid in ons lewens en liggame skitter. Sy volle heerlikheid sal dan in ons lewens duidelik word.

Dit is die vyfledige identiteit wat ons moet soek of waarna ons moet streef, en hierdie soeke begin deur gebed. Gebed dat die Heilige Gees my sal vervul. Gebed dat Hy kragtig in my sal werk. Gebed wat ontsluit is toe Christus vir ons deur die hemele gegaan het om voor die genadetroon vir ons te pleit as Hoëpriester. Wat 'n onbeskryflike gebeurtenis en troos is ons Here se hemelvaart! DK


# Tannie Ida Kruger oorlede na huwelik van 70 jaar

Oom Louis en tannie Ida Kruger van Randburg het op 10 Oktober 2023 hulle platinumbruilof met groot dank aan die Here gevier. Hulle is op Krugerdag 1953 getroud, 70 jaar gelede. Tannie Ida is op 20 April 2024 op 91-jarige ouderdom oorlede. Haar gesondheid het die laaste tyd baie agteruit gegaan en sy het daarna uitgesien om eerder by die Here te wees.



Ons sal haar onthou vir haar diep geloof, nederigheid, vriendelikheid, gasvryheid en wonderlike sin vir humor. Ons gun haar die rus, en dank ons hemelse Vader wat haar op ons pad gebring het.

Oom Louis geniet goeie gesondheid en is nog baie aktief. DK



Theuns en Suzette.

# Dr. Theuns Eloff

## Links? Regs? Of dalk Reguit?

Die eerste persoon wat hy tydens die besoek van *Die Kerkblad* aanhaal, was nie FW de Klerk of Nelson Mandela nie, maar Bart Nel:
*"Ek is Bart Nel. Van toe af, en ek is nog hy".*

Dalk het hy 'n punt beet. Sedert sy studentejare wat in 1972 aan die PUK begin het, was Theuns Eloff dikwels omstrede. Vir baie van ons heeltemal te links. Vir ander veral die laaste dekade of wat weer te regs. Maar luister jy mooi na dit wat hom deur die jare gedryf het: dalk die reguit pad.

Die reguit pad is iets heeltemal anders as die middelpad, of die goue middeweg. Dis 'n konsekwente pad, 'n pad wat sny deur die middel, regs of links, hang af van dit wat jy vas glo wat reg is. Geen wonder nie dat vier van die 11 subhofies in Wikipedia se artikel oor sy lewe en werk begin met *"The controversy of ..."*



Die Dakargangers. Theuns is heel links agter.

**Dakar**
Die beste voorbeeld is seker sy omstrede besoek aan Dakar, Senegal, in 1987, saam met 'n groep meesal wit Afrikaner leiersfigure onder leiding van dr. Frederik van Zyl Slabbert. Hy was toe nog predikant van die Gereformeerde Kerk Brooklyn. Die doel van die besoek was om met die toe nog verbanne ANC te praat oor 'n na-apartheidsbedeling vir Suid-Afrika. In baie kringe is dit byna as hoogverraad bestempel, in kerklike kringe as "heul met die antichris".

Maar in 2017, tydens 'n seminaar om die besoek aan Dakar na 30 jaar te gedenk, is hy, Breyten Breytenbach en Hermann Giliomee skerp deur ander mede-Dakargangers gekritiseer en deur die ANC-lede teenwoordig bestempel as "wit Afrikaner nieu-kolonialistiese akademici". Dit omdat hulle gesê het die land se wiele is besig om af te val en hulle hul kommer uitgespreek het oor veral taalregte en die vrese van minderhede wat voel hulle is nie welkom in die land nie.



Theuns en Suzette in hulle PUK-dae.

**PUK-student**
Theuns het in Potchefstroom grootgeword. In sy ouerhuis het hy 'n basiese respek vir alle mense geleer. Sy pa, prof. Daan Eloff, was stigter en hoof van die Departement Maatskaplike Werk en sy ma was vir jare ook 'n dosent daar.

In sy derde jaar as regstudent word sy roeping om predikant te word vir hom duidelik, en nadat hy sy BJuris-graad voltooi het, begin hy met sy teologiese studie. Hy is tydens sy studentejare getroud met Suzette van der Westhuizen, wat self 'n bekende sangeres en omroeper geword het. Hulle het twee dogters en drie kleindogters.

Sy leierskap het sterk na vore getree. Hy was vir drie jaar Studenteraadsvoorsitter en in 1979 President van die Afrikaanse Studentebond. Hy word al hoe meer krities teenoor die regering se rassebeleid, soos blyk uit die Koinonia Verklaring waarvan hy medeopsteller was, en die nie-rassige politieke studenteorganisasie Polstu, waarvan hy 'n stigterslid was. Dit lok sterk kritiek uit van die regering, asook teenstand vanuit gevestigde Afrikanergeledere.

**Predikant**
Hy voltooi sy teologiese studie in 1980 met lof, en verrig die volgende twee jaar sy diensplig in die Lugmag en by die Kapelaangeneraal se kantoor, terwyl hy ook sy ThM-graad met lof voltooi. Hy word in Januarie 1983 daar as predikant van Pretoria-Brooklyn bevestig, waar hy 'n baie geseënde bediening beleef het en sy ThD voltooi.

Toe kom die Dakar-ontmoeting in 1987, waarvoor hy twee weke verlof kry by sy kerkraad. Die dag voor hulle vertrek is die hoofopskrif in 'n Engelse koerant: "Afrikaner dissidents to meet ANC." 'n Klag word by sy kerkraad ingedien en na sy terugkeer is hy binne 'n week voorlopig geskors. Die klagtes word afgewys, selfs na appèl na die Partikuliere Sinode. Hy moes hom egter voorlopig weerhou van enige politieke aktiwiteite, en toe dit blyk dat "voorlopig" permanent gaan word, vra hy ontslag en tree hy in 1989 eervol uit die bediening ingevolge Artikel 12 van die Kerkorde.

**Kodesa en die oorgang**
Hy begin op 1 April by die *Consultant Business Movement* en word 'n jaar later Uitvoerende Direkteur. Hy was betrokke by die beplanning van die Nasionale Vredeskonferensie, wat in September 1991 lei tot die ondertekening van die Nasionale Vredesverdrag. Met die onderhandelinge by Kodesa was hy hoof van die proses- en sekretariële dienste en daarna van die administrasie van die veelparty-onderhandelings.



Theuns en Suzette by oudpresident Mandela.

Die tussentydse Grondwet word op 17 November 1993 aanvaar en hy word Adjunk-Direkteur van die Uitvoerende Oorgangsraad. Ná die deurslaggewende verkiesing van 1994 word hy Uitvoerende Direkteur van die Nasionale Besigheidsinisiatief, om hulp van die sakesektor in die nuwe bedeling te fasiliteer.

Sy benoudste oomblik? Toe hy voor die AWB se pantserkar ingespring het om te probeer keer dat dit deur die glasmure van die Wêreldhandelsentrum in Kemptonpark bars met die onderhandelinge. Toe dit nie help nie, het hy halfpad teen die kar opgespring, natuurlik tevergeefs. "Suzette was nie baie beindruk daarmee nie", voeg hy by.

**Rektor**




In 2001 kry hy onverwags 'n oproep uit Potchefstroom met die versoek om hom as rektor van die PU vir CHO beskikbaar stel. Na biddende oorweging doen hy aansoek en in Januarie 2002 word hy as rektor aangestel na die uittrede van prof. Carools Reinecke. Dit was stormagtige waters waardeur Theuns Eloff sy alma mater moes stuur. Die regering se greep op tersiêre inrigtings het al hoe stewiger geword. 'n Groot uitdaging was die verpligte samesmelting van die PU vir CHO en die Vaaldriehoek-kampus met die Universiteit van Noordwes in Mafikeng. Die twee groot strydpunte was die behoud van Afrikaans en van die amptelike Christelike grondslag van die Universiteit (die CHO). "Vir die amptelike behoud van die CHO was daar geen kans nie. Ek het geveg vir godsdiensvryheid en die behoud van Christelike waardes, wat deur die ouers en studente gedra moes word. Vir die reg van ouers om hulle kinders in hulle eie taal te laat onderrig, het ek my op die Grondwet beroep. Met dieselfde passie waarmee ek vir 'n nuwe bedeling geveg het, het ek vir die plek van Afrikaans geveg. Ons het gekyk na internasionale beste praktyke en die tolkstelsel suksesvol ingebring."

Hy word die eerste visekanselier van die geamalgameerde Noordwes-Universiteit. Die beginsel van verskeidenheid in die eenheid was vir hom ononderhandelbaar. Die amalgamering was suksesvol en die NWU se amptelike gradering in die kernbesigheid van universiteite het gestyg: navorsing, akademiese standaard, persentasie suksesvolle studente en die getal nagraadse grade.

> Sy grootste oomblik in sy lang verbintenis met die NWU? "Elke keer as die Pukke die Kovsies wen!" Hy het vir die PUK en vir Wes-Transvaal senter gespeel.

Tussen 2005 en 2013 is hy voorsitter van Hoër Onderwys SA en van die Vereniging van Statebondsuniversiteite, en van Aardklop, asook president van die Afrikaanse Handelsinstituut. In 2014 het hy in sy tweede termyn na 12 jaar uitgetree en is hy deur prof. Dan Kgwadi opgevolg.

**Afrikanerfokus**

Sy gawes van leierskap, effektiewe bestuur en onderhandeling maak nuwe deure vir hom oop. Hy word in 2014 Voorsitter van die Dagbreektrust, waarop hy sedert 2009 dien. Hy word in 2014 voorsitter en in 2016 uitvoerende direkteur van die FW de Klerk-stigting. In 2015 vorm die Dagbreektrust 'n sustertrust, die Trust vir Afrikaanse Onderwys en in 2019 volg die Trust vir Afrikaanse Kuns, Kultuur en Erfenis. Hy word voorsitter van albei. Drie van die Trustees is Puk-alumni: Theuns, Flip Buys en Steinman de Bruyn. "Pukke en Gereformeerdes het nog altyd bo hulle gewigsafdeling geboks", vertel hy trots.



Theuns by oudpresident FW de Klerk, oudminister Roelf Meyer en mev. Elita de Klerk

Hy is sedert 2019 Voorsitter van die MOS, 'n privaatmaatskappy wat deur die Trust vir Afrikaanse Onderwys gestig is met die doel om 'n Afrikaanse skolenetwerk daar te stel om uitmuntende onderrig in Afrikaans te verseker en uit te bou.

Hy fasiliteer die onlangse Afrikaner Verklaring, opgestel deur 'n leiersnetwerk van verskeie Afrikanerorganisasies en -individue, wat op 22 April by die Voortrekkermonument onderteken is om 'n pad vorentoe uit te stippel in die lig van die ernstige krisis waarin die land en die Afrikanergemeenskap verkeer. Hierin word die gesindheid en goeie trou van Afrikaners teenoor die land verklaar, asook die doel om die regering te oortuig van die noodsaak om 'n kultuurverdrag met Afrikaners te sluit, ter wille van stabiliteit en

tot voordeel van die land en al sy mense. "Ons is hier om te bly en te bou, saam met ander gemeenskappe." Daarvan getuig ook sy talle artikels en voordragte in die openbare domein oor ons land en sy veelheid van uitdagings.

**Morele kompas**

Oor die waardes en beginsels wat hom deur die jare aangespoor het tot optrede en uitsprake wat nie altyd almal se applous ontlok het nie, is hy baie duidelik. Gelyke beregtiging sonder diskriminasie. Individuele sowel as gemeenskapsregte. Sterk gekant teen magsmisbruik deur die owerheid. Gekant teen geweld, verkies onderhandeling. Eenheid én verskeidenheid. Lojale kritiek. 'n Sterk fokus op die burgerlike gemeenskap en 'n vrye ekonomie. Toeganklikheid, regverdigheid, deursigtigheid, klem op gehalte en kwaliteit.

Hy glo in die groot potensiaal en die goeie trou van gewone Suid-Afrikaners. Dit maak hom ook positief. "Oor 100 jaar sal mense terugkyk na ons geslag en vra: Hoe het hulle dit reggekry?" Die glas bly vir hom half vol, nie half leeg nie.

Sy geloof stem hom tot hierdie positiwiteit. Hy glo onwrikbaar aan die voorsienige beskikking van God, ook in sy eie lewe. Telkens het die groot wendingspunte met hom gebeur sonder dat hy daarvoor gesoek het. Drie kernbeginsels was die dryfveer vir wat hy deurgaans in die openbare domein gedoen het: 'n koninkryksvisie, roeping en diens.



Theuns en Werner Human (Bedryfshoof Solidariteit) by die ondertekening van die Afrikaner Verklaring.

Die kompas vir dit waarmee Theuns Eloff hom deur die jare in 'n multikulturele land en omgewing grootliks moes besig hou, vind ons in die proefskrif vir sy Doktorsgraad in Teologie (Etiek) onder leiding van prof. PW Buys: *"Owerheid, geregtigheid en rasseklassifikasie"*. 'n Morele kompas vir die ou sowel as die nuwe bedeling.

Miskien is "die reguit pad" tog 'n raak beskrywing van die pad wat hy tot hier geloop het, en is die vergelyking met Bart Nel nie so vergesog nie ... DK

# 18-jaar oue kerkstryd woed steeds in Pretoria

Toe hierdie kerkstryd in 2006 begin het was dit net vier gemeentes wat aanmekaar gespring het: Andeon, Bergsig, Innesdal en Meintjeskop. Die slagveld? Andeon se groot kerkterrein. Die geveg het nog intenser geword, en in 2007 het nog vier gemeentes aan die gevegte deelgeneem. Daarna het dit uitgebrei tot 16 gemeentes. Elke jaar as dit winter word, dan vlam die stryd weer op.

Met die koms van COVID het die gemoedere vir twee jaar bedaar en in 2020 en 2021 is die strydbyle neergelê. In 2022 het die stryd weer opgevlam, en vanjaar het 21 gemeentes met mekaar slaags geraak, drie van hulle selfs met twee stelle verkose afgevaardigdes.

Die stryd het so hewig geword dat die gevegsterrein hierdie jaar van Andeon na Die Kandelaar verskuif het, en gevegte het ook gewoed op die grondgebied van die Hoër- en Laerskool Dirk Postma.

Maar raak maar rustig. Die gevegte was nie oor *wine, women and song* (die beker, die vrou en die lied) nie, maar met onder meer die bal, die skeie en die tou. Ja, die jaarlikse Dopperspele is vanjaar op Saterdag 11 Mei gehou waar 24 spanne uit 21 gemeentes mekaar die broeder- en susterlike stryd aangesê het.

Rietvallei het as wenners uit die stryd getree, gerieflik voor Wonderboom-Suid en Annlin, met Kameeldrift wat nou al die geesbeker hulle eie gemaak het. As u wil weet hoe die ander spanne gevaar het, luister na oom Boy Louw – en *Looks at the scoreboard*! Ons plaas dit en 'n paar fotos met erkenning aan My Dopperdagboek. DK

dag tot dag vernuwe." Die hoop wat ons het, geld vir hierdie lewe, maar ook daarna. Die vooruitsig op die ewige lewe is die kragbron om vol te hou. Elders skryf Paulus: "Ek is oortuig dat die lyding van die huidige tyd nie vergelyk kan word met die heerlikheid wat bestem is om aan ons geopenbaar te word nie" (Romeine 8:18).

**Die lewe is 'n voorreg**
In die Woord leer die Here ons dat nie die mens nie, maar God sentraal staan. Dit is Hy wat vir die mens lewe, die eerste asem gee, dit is Hy wat die laaste asem tot Hom neem. "Die Here maak dood en Hy maak lewend; Hy laat na die doderyk afdaal en Hy laat daaruit opkom" (1 Samuel 2:6). Soveel van ons geloofsvoorouers het tot op 'n hoë ouderdom geleef en gewag vir die tyd van die Here. Dink maar aan Abraham, Isak, Jakob, Job, Jojada, Dawid, Salomo en nog soveel ander. Toe Elia voel dat alles vir hom te veel word, is sy woorde vir die Here: "Dit is nou genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is nie beter as my voorouers nie" (1 Konings 19:4). Self neem hy nie sy lewe nie, hy weet dit behoort aan die Here. In die sesde gebod hoor ons Sondag na Sondag die "Jy mag nie doodslaan nie".

Die Heidelbergse Kategismus betrek in Sondag 40 hierdie gebod nie net op "my naaste" nie, maar ook op "myself". Die belofte wat vir ons in hierdie gebod gegee word, is nie dat ons *moet* leef nie, maar dat ons *mag* leef.

So leef kinders van die Here uit genade tot die dag wat die dood, op die Here se tyd kom. 'n Lewe wat veilig en hoopvol in die skaduwee van die Almagtige is.

**Dankie dat jy die artikel gelees het. Het jy enige vrae rakende die kerklike- en geloofslewe? Stuur dit gerus aan my by meijer.gp@gmail.com. Graag antwoord ek daarop in hierdie rubriek.**

---

**Dr. Edmund de Beer (voorsitter EVT)**

# So kyk ons na ons bejaarde dominees en hulle afhanklikes

## Verslag EVK/EVT Ledevergadering, Randburg, 18 Mei 2024

Die vergadering van kerke in die Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK) het op Saterdag 18 Mei in Randburg vergader. Die vergadering is deur 123 afgevaardigdes uit kerke en Trustees bygewoon, persoonlik of via die internet. Hoe lyk die versorging van ons geëmeriteerde dominees en hulle afhanklikes tans?

Twee jaar gelede het die toekomstige versorging van ons geëmeriteerde dominees en hulle afhanklikes baie donker gelyk. Die syfers het gesê dat hulle versorging 25% gesny moes word. Die reserwes sou toe uitgeloop het. Die kerke wat lede is van die Emeritaatsversorgingskombinasie (EVK) het die geloofsbesluit geneem om nie die versorging minder te maak nie. Baie syfers is getoon, baie berekeninge is gemaak en verskillende scenarios is geskets.

**Belangrike syfers**

- Tans ontvang 292 persone (96 egpare, 81 weduwees, 19 wewenaars en ses volwasse afhanklikes) versorging uit die Emeritaatsversorgingstrust (EVT). Diegene met langer diens voor 1994 (toe met 'n pensioenfonds begin is) ontvang meer as diegene met korter diens. Predikante wat tans emeriteer, ontvang ongeveer 25% van die bedrag van hulle wat voor 1994 geëmeriteer het.
- Tot en met ongeveer 2032 gaan nog 120 predikante met hulle afhanklikes emeriteer en hulle is ook afhanklik van versorging uit die EVT, tesame met die voordele uit die Predikante Pensioenfonds. Die versorgingsbedrae neem algaande af, omdat nuwe toetreders al hoe minder diensjare voor 1994 het en al hoe meer jare het om voordele uit die Pensioenfonds op te bou.
- Oor die afgelope tien jaar het emeriti en hulle afhanklikes gemiddeld 1,7% verhoging per jaar ontvang . Van 2021 tot 2023 was daar geen verhogings nie. 'n Verhoging van 2,5% is vir vanjaar toegestaan en die EVK het 'n verdere verhoging van 2,5% vir 1 Januarie tot 31 Desember 2025 toegestaan. (Sien Grafiek 1).

**Invloede op die EVT**
Verskillende faktore het 'n invloed op die geld wat vir die EVT beskikbaar is om toe te deel.

- Die GKSA se lidmate daal ongeveer 3% per jaar (sien

- Grafiek 2). Dit het deels tot gevolg dat 'n jaarlikse 6,1% verhoging in EVT-ramings net tot 2,5% verhoging in versorging kan lei.
- Agterstallige ramings het 'n geweldige uitwerking op die versorging van ons emeriti.

Gedurende die eerste ses maande van die huidige finansiële jaar was 140 gemeentes agterstallig. In geldterme is dit R18,4 miljoen. Ons weet egter dat ramings oor die tweede ses maande beter inkom. Tien kerke se agterstallige ramings maak 60% (R11 miljoen) van die totale bedrag uit. Ons is dankbaar dat daar die afgelope jaar R2,5 miljoen se agterstallige ramings vereffen is.

**Lig in die tonnel**

Ekstra bydraes het 'n wesenlike uitwerking op die EVT. Indien ons vir die volgende ses jare 'n ekstra R5,5 miljoen per jaar kan inkry, behoort ons die wa deur die drif te kry. Die *Sorg Met Eer*-projek speel in hierdie opsig 'n belangrike rol.

***Sorg Met Eer* – waar ons nou staan**

Die *Sorg Met Eer*-projek is 18 maande gelede deur die ledekerke geloods om die verpligte ramings en kollektes aan te vul met vrywillige bydraes en projekte deur ons kerke en lidmate sodat die tekort van 25% aangespreek kon word. *Sorg Met Eer* het op twee wyses daartoe bygedra dat ons nie net die versorgingsvlak kon handhaaf nie (in plaas van die dreigende vermindering van 25%), maar dat ons vir die huidige sowel as die volgende kalenderjaar 'n 2,5% verhoging kon gee. Die eerste is die meer as R5 miljoen wat die projek reeds opgelewer het, maar ook die inbetaling van ongeveer R3 miljoen agterstallige ramings wat direk deur die skakeling met kerke afgedra is.




'n Groot deel van die oes is nog op die land.

Die vraag word gevra of ons nie moet reken op 'n afname in die resultate van *Sorg Met Eer* nie, omdat die resultate van 'n nuwe projek gewoonlik by die wegspring positief is, maar daarna taan. Die projekbestuurder van *Sorg Met Eer*, ds. Cassie Aucamp, het egter aangetoon dat tot nou toe maar nog 'n klein deeltjie van die oes op die land ingesamel is, soos blyk uit die drie sirkelgrafieke by Grafiek 3.1 tot 3.3.


Die ekstra dimensie wat *Sorg Met Eer* bied, is die feit dat dit nie soos ramings min of meer "one size fits all" is nie, maar inderdaad 'n nommerpas projek is na gelang van individue en kerke se seëninge en vermoë. In dié verband moet ons nou meer by individuele lidmate uitkom. Daartoe kan *Die Kerkblad* 'n bydrae lewer. Ons plaas darom twee blokkies met die benodigde inligting vir eenmalige sowel as herhalende bydraes vir *Sorg Met Eer*. U kan in diè verband ook skakel met dr. Wymie du Plessis by 083 575 5786 of wymiedup@gksa.co.za.

As ons terugkyk, sien ons die Here gee uitkoms. As ons onder Sy seënende hand mekaar se hande vat, kan ons voorkom dat ons geëmeriteerde predikante en hulle afhanklikes weerloos gelaat word. DK

**Grafiek 1. Bruto versorgingsbedrag per egpaar per maand**




**Grafiek 2: Lidmaatgetalle die laaste 10 jaar**




**Grafiek 3.1 tot 3.3: Getal uit totaal wat reeds bygedra het vir Sorg Met Eer**

